


# Week 6

# Jesus se teregstelling, dood en begrafnis

# PERSOONLIKE STUDIE

## Lees Markus 15:21-32, Markus 15:33-41 en Markus 15:42-47

### INLEIDENDE OPMERKINGS:

Geen Evangelieskrywer beskryf die besonderhede van die Kruisiging in detail nie, hulle gee vir ons net kort blikke van wat gebeur het. God het 'n sluier oor die toneel getrek, asof hy wou sê dit is te aaklig en wreed.

Die Evangelie van Markus gee vir ons die gebeure van die Kruisiging volgens hulle tydsindeling. Die eerste drie ure was van 09:00 tot 12:00, die tweede drie ure was van 12:00 tot 15:00.

Dit was 9:00 die oggend toe hulle Jesus aan die kruis gehang het. Die aanklag teen Hom was bo Sy kop geskryf: “Die Koning van die Jode.” Hoe vreemd dit ook al klink, dit was waar.  Alhoewel Hy het nie 'n rebellie teen Rome gelei nie, het Hy het Homself bloot aan Israel aangebied en hulle het Hom verwerp.

Mense het Jesus gespot deur te sê Hy het ander gered, maar Hy kon Homself nie red nie. En dit was waar – Hy kon en het ander gered, maar in plaas daarvan om Homself te red, het Hy Homself aan ander oorgegee – en daarom is ons verlos.

**STUDIEVRAE:**

**Lees Markus 15:21-32**

Lees Markus 15:21. Wie is gedwing om Jesus te help om die kruis te dra? Wat sê Markus van hierdie man om die oorspronklike lesers te help om die man te herken?

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

Lees Markus 15:22. Waarheen neem hulle Jesus volgende?

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

Lees Markus 15:23. Wat het hulle vir Jesus aangebied om te drink en wat het Hy daarmee gedoen?

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

Lees Markus 15:24. Wat het die soldate met Jesus se klere gedoen? Wat voorspel Psalm 22:18 aangaande die klere van die verwagte Messias?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Markus 15:25. Teen watter tyd was Jesus gekruising, volgens Markus?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Markus 15:26. Volgens die opskrif aan die kruis, wat was die rede waarom Jesus gekruisig is,?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Markus 15:27-28. Wie is saam met Jesus gekruisig? Wat was die redes vir hulle kruisiging?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Markus 15:29-32. Wat was die verskillende mense se reaksie toe hulle Jesus aan die kruis sien?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

**Lees Markus 15:33-41**

Lees Markus 15:33. Markus gee 'n bietjie insig in die gebeure wat daarna plaasgevind het. Wat was dit en hoe lank het dit geduur?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Markus 15:34-35. What het Jesus om 15:00 (3nm) gedoen? Wat het die mense gedink Hy doen?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Markus 15:36. Hoe het iemand in die skare op hierdie uitroep gereageer?

…………………………………………………………………….

Lees Markus 15:37-38. Wat het gebeur toe Jesus sy laaste asem uitgeblaas het?

…………………………………………………………………….

Lees Hebreërs 9:6-12. Hoe beskryf hierdie gedeelte die manier waarop Jesus die vereistes aan sondeoffers vervul en vervang het?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Markus 15:39. Wat het die Romeinse offisier gesê toe hy die wyse sien waarop Jesus gesterf het?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Markus 15:40-41. Wie was die vroue wat die gebeure op 'n afstand dopgehou het? Wat vertel Markus vir ons van hierdie vroue en baie ander wat in hierdie tyd na Jerusalem gekom het?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

**Lees Markus 15:42-47**

Lees Markus 15:42-43. Wie het gevra vir die liggaam van Jesus? Lys van die dinge wat ons van hierdie man weet. Watter dag was dit?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Markus 15:44-45. Wat het Pilatus oor Josef se versoek verrras? Wat het hy gedoen voordat hy vir Josef die liggaam gegee het?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Hoe help hierdie konteks ons om diegene te antwoord wat teoretiseer dat Jesus nooit werklik aan die kruis gesterf het nie?

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

Lees Markus 15:46-47. Hoe is die liggaam van Jesus voorberei vir Sy begrafnis? Wie het gekyk waar Jesus begrawe is?

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

**SLOTOPMERKINGS:**

Die Kruisiging van Jesus is gevul met kontrasterende gebeure:

• In die eerste drie uur periode was daar fisiese lig, maar in die tweede drie uur periode was daar fisiese duisternis.
• In die eerste drie ure was daar geestelike duisternis, in die tweede drie ure was daar geestelike lig.
• In die eerste drie ure het Jesus gely aan die hand van die mens op sy ergste. Hulle het Jesus gehaat en gekruisig. Sy vyande en selfs die misdadiger wat saam met Hom gehang het, het Hom uitgeskel. In die tweede drie ure het

Hy vir die mens gely. God was aan die werk. (Verwys na 2 Korintiërs 5:21)

• In die eerste drie ure was Jesus besig om te sterf as gevolg van sonde. Sonde het alles in sy vermoë gedoen om Hom te vernietig. In die tweede drie ure het Hy gesterf vir die sonde van die wêreld. Hy het alles gedoen wat Hy kon om die wêreld te red. Hy het sy siel as offer vir ons gegee.

Jesus was van God verlaat en tog, selfs gedurende daardie tyd, was God in Christus besig om die wêreld met Homself te versoen. (Vergelyk 2 Korintiërs 5:19)

En toe ons verlossing voltooi was, het Jesus uitgeroep en Sy laaste asem uitgeblaas. Die sluier tussen die Heilige en die Allerheiligste is in twee geskeur en ons kan nou vrylik na God gaan. Dit is al wat God ooit enige sondaar gevra het om te doen – om in geloof na Hom te kom.

En toe het Jesus uit die dood opgestaan. Om te glo dat Jesus liggaamlik uit die dood opgestaan het, is die hart en kern van wat dit beteken om 'n Christen te wees. Dit moet ons inspireer tot aksie, om uit te gaan en die wêreld te vertel van wat Jesus vir ons gedoen het.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Terugblik

Deel met die groeplede hoe God hierdie week in jou lewe gewerk het.

## Skriflesing:

Markus 15:21-47 en 2 Korinthiërs 5:18-21

## Besprekingsvrae

Bespreek die stelling: Die Kruis van Jesus Christus is beide die grootste tragedie van die eeue en die mees glorieryke oorwinning van die hemel en die aarde. Gee redes waarom jy met die stelling saamstem of nie saamstem nie.

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

Lees Markus 15:44-45. Wat het Pilatus gedoen voordat hy die liggaam van Jesus aan Josef gegee het? Hoe help hierdie konteks ons om diegene te antwoord wat teoretiseer dat Jesus nooit werklik aan die kruis gesterf het nie? Skryf vir jouself ‘n verduideliking neer na aanleiding van julle bespreking.

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

Lees 2 Korinthiërs 5:18-21. Hoe het God die wêreld met Homself versoen?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Het hierdie studie jou siening oor die omvang van Jesus se lyding verander? Hoe? Bespreek in die groep.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Sluit af met gebed**